ONS EIE LAURIKA SING BREL!

deur ANTOINETTE SNYMAN
foto's deur PETER WHITFIELD

'n Mens vereenselwig Laurika Rauch se pragtige ryk stem met die Afrikaanse luisterlied. Waarom sing sy dan deesdae Jacques Brel se uitheemse hartseerliedjies?

Jacques Brel se hartroerende musiek verg intense konsentrasie op die verhoog.

BO: Laurika Rauch, die sangeres met die gevoelvolle stem wat diep in Suid-Afrikaners se harte gekruip het.

DIE plakkaat by die ingang van die klein wegsteekteatertjie in Hillbrow verkondig *Taubie Kushlick Presents ENCORE BREL.*

Die sangers wat daarin optree, is Ferdie Uphof, Ann Hamblin . . . en Laurika Rauch. Die naam laat jou vassteek. Wat soek ons eie Laurika in dié geselskap? 'n Mens vereenselwig haar diep, ryk stem immers met Afrikaanse luisterliedjies soos die op haar eerste sukseslangspeler *Debuut.*

Haar voorliefde vir Boerneef is oral bekend en hier sing sy sowaar Jacques Brel se uitheemse liedjies; 'n Belg wat die hartseer in die lewe in musiek omgeskep het. Liefde, teerheid en deernis is woorde wat hy goed begryp het, maar hy kon ook skerp te velde trek teen die skynheiligheid wat in die samelewing hoogty vier . . .

Encore Brel het Boeredogter en Belg byeengebring. En dit slaag. Jy sit in die gehoor en vergeet skoon dat Laurika nie Afrikaans sing nie. Die sangeres van *Kinders Van Die Wind* gryp jou aan met haar vertolking van Jacques Brel se gevoelvolle luisterliedjies. Laurika bly Laurika al sing sy ook wat, maar waarom tree sy eerder in *Encore Brel* op as om die platteland met haar eie luisterliedjies te deurreis?

„Daar is eintlik verskeie redes; dis nie altyd aangenaam om gedurig op reis te wees nie en dis heerlik om bedags tuis te wees terwyl *Encore Brel* opgevoer word. Verder is dit 'n ideale geleentheid om 'n nuwe musiekveld te ontgin en iets daaruit te leer. *Encore Brel* kan my eie sangstyl net bevorder en dus beskou ek die stuk as deel van my ontwikkeling as kunstenaar. Boonop was dit vir my 'n groot uitdaging om die rol te aanvaar. Laat ek sommer in dieselfde asem sê dat ek nie halsoorkop na die rol gereik het nie. Nee, ek het eers goed nagedink voor ek ingewillig het . . .

DIE herinnering aan *Jacques Brell Is Alive And Well And Living In Paris* wat ek op sestienjarige leeftyd in Kaapstad gesien het, het die deurslag gegee. Daardie opvoering het my ontroer en ek het besef dat Taubie Kushlick se opvoering 'n belewenis sou wees . . ."

Vir die rol in *Encore Brel* moes Laurika hard werk. Benewens dat sy in Engels moet sing, is daar ook Vlaamse en Franse liedjies in die stuk.

„Dr Willy du Bois het my met die Vlaams gehelp terwyl prof. Brian Rogers 'n bietjie met die Franse uitspraak hand bygesit het. In die kollig is ek egter stokalleen en moet alles uithaal, want elke oomblik verg intense konsentrasie om reg aan Brel se musiek te laat geskied."

Laurika Rauch is gaande oor Jacques Brel se musiek.

En wat van die Afrikaanse luisterliedjie?

Het sy dit opsygeskuif?

„Nee glad nie," sê sy, „my tweede Afrikaanse langspeler waarop ek van my eerste eie lirieke sing, word binnekort uitgereik. Ek sing ook van Anton Goosen se jongste liedjies, asook die temaliedjie van die nuwe Afrikaanse rolprent, *April 1980, Moenie Dat Die Kinders Hoor Nie."*

En een van die dae val sy weer in die pad met haar luisterliedjies; die keer gaan sy glo met haar eie vertoning toer.